

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees  
van die waarheid en  
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

## Wêreldwyd in Christus een

Die heilige, christelike, apostoliese kerk is een en algemeen. Uit die hele menslike geslag vergader, beskerm en onderhou die Seun van God vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is. Deur sy Gees en Woord – in die eenheid van die ware geloof – vergader, beskerm en onderhou Christus sy een, algemene kerk van die begin van die wêreld af tot die einde toe. 'Wêreldwyd in Christus een' is 'n gawe waarvoor Christus met sy bloed betaal het. Ons glo dit. Ons bely dit. Maar wat beleef ons daarvan? Wat ervaar ons prakties en konkreet van die eenheid en algemeenheid van die kerk van Christus?

Die afgelope eeu is daar oor dié vraag diepgaande besin. Wêreldwyd is daar soeke na eenheid, kerklike eenheid. Talle konferensies van Gereformeerde kerke is sedert die begin van die twintigste eeu gehou om te besin oor die vraag hoe eenheid tussen Gereformeerde kerke in verskillende lande en wêrelddele bevorder kan word. Korrespondensie op papier is immers nie genoeg nie. Daar moet meer gebeur om as kerke van Christus in ekumene, in eenheid op te tree.

Die gevolg van die menigte konferensies en beraadslagings

is dat wêreldwye liggame soos die Gereformeerde Ekumeniese Raad, die *World Reformed Fellowship* en die *International Conference of Reformed Churches* tot stand gekom het. Binnelands bestaan daar eweneens verskeie ekumeniese liggame, waaronder die Tussenkerklike Raad en die Konvent van Reformatoriese Kerke.

Elke raad en konferensie het uiteraard sy eie gerigtheid en mikpunte. Omstandighede verskil van land tot land en wêrelddeel tot wêrelddeel. Tog rys die vraag: waarvoor moet deelnemende kerke in ekumeniese verband hulle beywer? Hoe pas Christus se sendingopdrag by ons uit leef van ekumene in? Daarmee saam: volgens watter reëls moet daar ekumenies gewerk word? Is daar sprake van iets soos 'n Ekumeniese Gereformeerde Kerkorde? Dié vrae is, gegewe bepaalde besluite van Sinode 2006, van kritiese belang. Hoe moet deelname aan die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en inskakeling by die Parlementêre Lessenaar byvoorbeeld beoordeel word? Is dit soeke na en uit leef van ware ekumene?

Tot onlangs toe is die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, soos alle ander dele van die Suid-Afrikaanse samelewing, in isolasie gedwing. Dit

was nie maklik om bande met die buiteland aan te gaan en in stand te hou nie. Afrika was tot 'n groot mate 'n geslote kontinent, ook vir kerk-werk. Sedert 1994 het dit drasties verander. In 'n oogwink het ons vrye toegang tot die wêreld gekry. Ekumene word iets wat baie makliker as ooit voorheen beleef kan word. Die geleentheid om uit te beweeg is legio. Die slaggate eweneens. Plotselinge vrye toegang kan al te maklik tot wild en wakker, lukrake en onbesonne optrede lei. Daarteen moet met erns gewaak word. Daadkragtige uitbreiding van God se kerk en koninkryk mag nie gekortwiek word deur ondeurdagte, nie-beginselvaste handelinge nie – ook nie wat soeke na kerklike eenheid betref nie.

In die lig hiervan het die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel, die uitgewers van *Waarheid en Dwaling*, besluit om die tema van die 2006-jaarvergadering aan ekumene, kerkeenheid, te wy. Tydens 'n vorige jaarvergadering is daar oor ekumene van Gereformeerde kerke in die binneland gehandel. Met hierdie temabespreking, wat DV op 19 en 20 Mei sal plaasvind, gaan Gereformeerde ekumene skriftuurlik gefundeer en as sodanig in die praktyk beoordeel word. Daar

### INHOUD

1 Redaksioneel  
**Wêreldwyd in Christus een**

3 Skrifoordenking  
**Dienaresse van Christus**  
*Ds SD Snyman*

4 Fokus  
**Akeldama of Réhobot?**  
**Noodsaaklike grondhervorming**  
*Dr ALA Buys*

6 Aktueel  
**Waar beveel die Skrif dat christelike feesdae onderhou moet word?**  
*Ds HLJ Momberg*

9 Op die Kerkerf  
**Hoe keer ons dat die reformasie 'n museumstuk word?**  
*Ds RA Bain*

10 Op die boekrak  
**Zij aan zij**  
*Dr EA de Boer*

11 Persskou  
**Plagiaat kwadraat**  
**Herleefde Gnostiek**  
**Verklaring deur 36 predikante**  
**Ope brief aan 36 predikante**  
*Ds CJ Meijer*

sal ruimte wees om beginselvas  
oor verskeie aspekte van kerklike  
eenheid deur te praat.

Die jaarvergadering bied geleentheid  
vir enige belangstellende om te kom  
luister en saam te besin oor vrae

wat in die gemoed maal en oor ons  
roeping wat uitgeleef moet word.

GJM

# JAARVERGADERING VGL

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel  
hou DV Vrydagaand 19 Mei en Saterdagoggend 20 Mei  
hulle jaarvergadering.

## *Ekumenies Gereformeerde – ons roeping*

### PROGRAM:

#### **Vrydag 19 Mei**

- 18:30 – Ligte verversings
- 19:00 – Opening en verwelkoming
- 19:15 – Ons roeping tot Gereformeerde ekumene belig  
uit die Ou Testament; prof PP Krüger
- 20:00 – Pouse
- 20:30 – Ons roeping tot Gereformeerde ekumene belig  
uit die Nuwe Testament; ds HLJ Momberg
- 21:15 – Bespreking
- 22:00 – Afsluiting

#### **Saterdag 20 Mei**

- 08:00 – Ligte verversings
- 08:30 – Opening en verwelkoming
- 08:45 – Die uitlewing van ons roeping tot Gereformeerde ekumene  
vandag; ds E Kayayan
- 09:30 – Respondent: prof RM Britz
- 10:15 – Pouse
- 10:45 – Bespreking
- 12:30 – Ledevergadering
- 12:45 – Afsluiting

### Plek:

Gereformeerde Kerk die Kandelaar,  
h/v Codonia- & Dickensonlaan, Waverley, Pretoria.  
Kollekte sal opgeneem word om die onkoste te delg.

Kontakpersoon:

***mev JC de Wind;***

***tel.: 012 3324676; sel: 083 6608424, e-pos: jdewind@mweb.co.za***

# Dienaresse van Christus

**Lees: 1 Timoteus 5:1-15**

***Laat 'n weduwee gekies word, nie minder as sestig jaar oud nie, wat die vrou van een man gewees het en getuienis het van goeie werke, as sy kinders grootgemaak het, gasvry gewees het, die voete van die heiliges gewas het, verdruktes gehelp en elke goeie werk nagestreef het.***

Terwyl dienswerk in die Here se kerk nou so fel onder die soeklig is, is dit goed om hierdie verwaarloosde gedeelte in die Nuwe Testament weer onder oë te kry. Ons moet onself ernstig die vraag afvra: waarom het hierdie gedeelte nie in ons kerklike lewe gefunksioneer nie? Wie deur die Skrif gelei wil word, moet tog deur die héle Skrif gelei word. Dit lyk egter asof 1 Timoteus 5 oor die weduwees net eenvoudig oorgesien is. Is dit net vir destyds van belang geag? Dit is egter 'n siening wat tog nie aanvaar kan word nie. As die geworstel oor die plek van die vrou in die kerk net dít veroorsaak het dat 1 Timoteus 5 weer aandag kry, het dit klaar begin vrug dra.

Die Heilige Gees het die apostel Paulus hierdie brief (1 Timoteus) laat skryf om die Nuwe Testamentiese kerklike lewe te help vorm (1 Timoteus 3:15). Hierdie brief gee nie net 'n historiese beskrywing van hoe sake destyds verloop het nie, maar gee inderdaad riglyne vir hoe die Nuwe Testamentiese kerk van alle tye en plekke ingerig moet word. Ons moet dit ook so gebruik.

Hierdie brief – saam met die ander 'pastorale briewe', naamlik 2 Timoteus en Titus – is besonder belangrik vir die kerklike lewe, omdat dit van die latere briewe van die apostel is. Die kerk het by die punt gekom waar die vloeibare 'struktuur' van die eerste groei-jare van die Christelike kerk 'n vaster vorm moet begin aanneem. Dit val op dat die apostel in hierdie brief nie meer met die buitengewone gawes en werkinge van die Heilige Gees besig is nie. Dit is asof die kerklike lewe soos 'n fontein is, wat

bo in die berg ontspring het, maar waarvan dartelende stroompies nou al meer in die vaste bedding van 'n breër-wordende rivier inloop.

In hierdie brief word ons byvoorbeeld geleer hoe ons dwalinge moet hanteer en waar die aksent in ons lewe as Christene moet val (hoofstuk 1). Ons kry die opdrag om van gebed 'n prioriteitsaak in ons gemeentelewe te maak (hoofstuk 2:1-8). Die belang van vroue se voorkoms en gedrag in die kerklike lewe kry aandag (hoofstuk 2:9-15). Die vereistes vir die ouderlinge, diakens en die vroue word gegee (hoofstuk 3). Ons word gewaarsku teen tipiese dwalings en sondes van die koninkryksbedeling waarin ons nou leef (hoofstuk 4:1-5). Daar is 'n oproep tot trou in bedieningswerk (hoofstuk 4:6-16). En ons leer hoe die Here weduwees, wat 'n besondere groep in die gemeente vorm, versorg wil hê en op 'n spesiale manier in sy kerk wil gebruik.

Wie was hierdie weduwees? Was hulle versorgers of versorgdes? Die gegewens in hierdie hoofstuk dui daarop dat hulle versorgers was. Dit is hoogs onwaarskynlik, soos wat dit soms verklaar word, dat 1 Timoteus 5:9-10 op die weduwees wat versorg moet word, wys. Verse 3-8 en vers 16 handel wel oor die versorging van weduwees, wat nie ander bronne van versorging as die hulp van die gemeente het nie. Wat van vers 9 af gesê word, pas nie by mense wat versorg word nie, maar wel by weduwees wat in die dienswerk wat hulle doen, rondgaan en in ander mense se huise kom (vergelyk byvoorbeeld vers 13). Dit kan ook nie wees dat die Here se apostel wou hê dat slegs weduwees wat aan die betrokke vereistes beantwoord (bo sestig, ervare en uitstaande in deugsamheid) deur die gemeente versorg moet word nie. Dit sal in stryd wees met die ruimheid van verse 3-8, wat die kerk op sy plig wys om alle ware sorgbehoewende weduwees te versorg. Die standpunt dat net sekere weduwees versorg moet word, sal ook

in stryd wees met die wil van die Here soos dit op ander plekke geopenbaar word, dat barmhartigheid so wyd as moontlik bewys moet word aan alle mense wat in nood is (Galasiërs 6:10; Lukas 6:32-36). Dit gaan dus in verse 9-10 oor weduwees wat een of ander dienswerk moes doen.

Dat dit nie net die gewone liefdesdiens was wat die Here van elke vrou in die amp van gelowige vereis nie, maar 'n spesiale diens, blyk uit die feit dat hierdie weduwees 'gekies' moes word. Die uitdrukking kan ook weergegee word met 'op 'n lys of rol ingeskrif word', of sommer net 'ingesluit word'. Die GKSA se studiedeputate oor die vrou in die kerk het in 1988 die opmerking gemaak dat die betekenis van 'ingesluit word' 'n mens laat dink aan die moontlikheid dat hierdie weduwees as helpers by 'n spesifieke groep (miskien die diakens – Bylaag 1988:55, 7.4.5) ingesluit moes word.

Die feit dat hulle opgeskrif moes word, wys daarop dat hierdie diens 'n georganiseerde diens was. Dit wys ook daarop dat dit in die gemeente formele erkenning geniet het, want die opskrywing moes sekerlik onder andere met die oog op die gemeente se kennisname van wie hulle was, gedoen word. Ook die belofte van trou aan die Here wat die verkose weduwees skynbaar moes aflê (die 'geloof' in vers 12 moet eerder met 'trou' vertaal word), dui in die rigting van 'n spesiale georganiseerde diens.

'n Besondere diens is egter nog nie noodwendig dit wat ons ken as 'n besondere amp nie. Nie alle spesiale dienswerk in die Nuwe Testamentiese kerk is ampswerk nie. Die besondere ampte word van ander vorme van spesiale dienswerk onderskei deurdat die Here dit met gesag bekleed het, dit wil sê met die spesiale opdrag om leidinggewend op te tree.

Dit is opvallend dat weduwees, vir wie 'n tweede huwelik nog 'n opsie is, nie op die weduwee-lys opgeskrif mag word nie. Hulle primêre roeping is

om weer te trou, hulle kinders groot te maak en hulle huishoudings te bestuur. Dit sê baie van die prioriteit wat die opvoeding van verbondskinders vir die vrou in God se koninkryk het.

Wat presies was hierdie weduwees wat 'gekies' moes word, se taak? Dit staan nie in soveel woorde in hierdie gedeelte nie, maar moet uit die verband afgelei word. Omdat hierdie gedeelte veral oor die sorg aan hulpbehoewende weduwees gaan, 'n eg-diakonale diens, kan afgelei word dat hierdie besondere taak met diakonale werksaamhede verband hou. Dit was die versorging van weduwees wat in Handeling 6 die aanleiding was tot die instelling van die diakenamp. Dit is baie moontlik dat hierdie weduwees van 1 Timoteus 5:9 veral met die versorging van hulpbehoewende weduwees belas was, 'n soort weduwee-tot-weduwee taak. Dat daar juis vroue vir hierdie taak aangewys is, is verstaanbaar, omdat dit immers werk is wat (manlike) diakens nie so maklik kan verrig nie. Die meeste van die vereistes wat vir hierdie dienende weduwees gestel word, gaan oor bewese betroubaarheid en ervaring in die fisiese versorging van mense, en dui sterk in die rigting van 'n ondersteunings- en versorgingstaak.

Die feit dat hierdie weduwees aan sekere vereistes moet beantwoord, wys

daarop dat daar 'eksterne' beoordeling moet wees van wie kan dien. Dit word ook bevestig deur die passiewe vorm 'ver kies wórd'. Hulle wys hulleself nie aan nie. Omdat die versorging van weduwees die gemeente se verantwoordelikheid is (vers 16), kan daar met reg afgelei word dat hierdie weduwee-taak onder toesig en leiding van die gemeente staan. Hierdie toesig en leiding word in die gemeente deur die leidinggewende organe – die voorgangers – behartig. In die verkose weduwees se geval sal dit 'n taak wees wat onder leiding van die diakens staan. Die diakens se taak is immers om die gemeente in die beoefening van die gemeenskap van die heiliges te lei.

Sal ons nie kan baat by hierdie verwaarloosde diens in die kerke nie? Geen Bybelse lig op die kerklike lewe is onnodig vir ons gegee nie. Die kerk is die skepping en eiendom van die Here: deur sy bloed gekoop en deur sy Gees bymekaar gemaak. Hy bestuur sy kerk en bou dit op deur sy Woord. Wat in die Woord vir die kerk gegee is, is vir die welsyn van die kerk van groot belang. Die herinstelling van die weduwee-diens kan byvoorbeeld 'n groot leemte in ons kerke se dienswerk vul, veral met die versorging van ouer en sieklike lidmate, meer spesiaal die ouer vroue wat nie (meer) getroud is nie. By verre die meeste ouer lidmate

in ons gemeentes is vroue. So 'n weduwee-diens kan ook die intensiteit van hulp en aandag wat sulke lidmate kry, geweldig verhoog, omdat mense wat meer tyd as voltyds-werkende mans het, nou aan hulle aandag kan gee. Dit kan moontlik deel van die oplossing wees vir ouer mense wat nie meer self kan aangaan nie, maar ook nie die hedendaagse duur versorgingsplekke vir bejaardes kan bekostig nie.

Op hierdie manier sal die gawes en ervaring van talle weduwees, wat andersins onbenut lê, goed gebruik word. Weduwees – wat nutteloos sou kon voel en vir wie die lewe sinloos mag voorkom – se lewens kry weer nuwe rigting, sin en betekenis, omdat hulle hierdie spesiale werk vir die Here kan doen.

Hierdie gedeelte is uiteindelik nóg 'n oproep dat ons erns moet maak met die mense en hulle gawes wat die Here in sy kerk gee. Ons moet dit raaksien en dit onder andere inspan in die dienswerk waarvan die Skrif ons leer. Ons moet egter ook wyer kyk en seker maak dat elke gelowige bewus is van die verantwoordelikheid wat ons het en die geleentheid wat daar in die kerk en in die wêreld is om die Here op soveel verskillende terreine en maniere te dien. Geen christen mag ooit in die koninkryk van God 'werkloos' wees nie.

## FOKUS

Dr ALA Buys, Pietersburg-Noord

# Akeldama of Rêhobot? Noodsaaklike grondhervorming

Ons het grondhervorming dringend nodig. Wanneer twee afgode met mekaar baklei, wil albei grond wen. Die kerk van Jesus Christus is op die aarde maar nie uit die aarde nie. Die dier met sy horings en krone (Openbaring 13) kom uit die aarde op. Die heerskappy van die antichris, wat gerig is op die aanbidding van die satan, die

draak, gaan ook oor grond. Dit is 'n wapen van verdeel en heers én van vereniging en beheersing.

### Grondige afgodery

In Suid-Afrika is daar tans twee afgode wat mekaar oor grond aan die keel gryp. Die kerk is nie maar net onskuldige toeskouers van hierdie geveg nie. As die kerk nie sy roeping

befes om op die aarde oor die aarde te preek nie, is die gevaar groot dat die afgode se opsies voorkeur gaan geniet. Die kerk word dan gedwing om tussen twee onmoontlikes te kies.

### Groen gholfbane

Die twee afgode wat oor grond stry is die neo-liberale kapitalisme en die ubuntu sosialisme. Die een

praat oor die individu se kaart- en transportregte, oor die vrye mark, ensovoorts. Dit kom kortliks daarop neer dat onder andere ryk mense groen gholflandgoedere wil hê met 'n hoë heining om sodat die dors arm mense anderkant nie gesien kan word nie. So dan en wan hou jy 'n gholfdag en oorhandig 'n plakkaatgrootte tjek vir welwillendheid op die agtiende putjie, gaan na jou paleis en dank jou kapitalistiese god dat jy nie een van die minderbevoorregtes is nie.

Die klem is op die individu se geluk en goedere – en sy klein stukkie beskermde hemelgrond. Dit is waar die rykes hulle eiendomsreg met regte geld probeer behou. Die 'blanke' Afrikaanse kerke loop die grootste gevaar om hierdie afgod se kant te kies. Dit klink alles so bekend: eiendomsreg, die regbank, vrye mark. Ons is kapitalisties gebore en getoë, op liberale ekonomiese teorieë het ons ons tande gesny – en met daardie 'kerklike' tande wil ons nou die goliatgeveg nader. Die kerk gaan egter meer as dit nodig hê om die waarheid te praat oor grondhervorming, oor plaasmoorde en grondbesetting.

## Grondbesetting

Die ander afgod is die oer-dinosaurus wat via kommunisme en verskeie vorms van sosialisme deur baie telings gegaan het. Dit is die eisende grondlose massa met die toi-toi liturgie. Die grondkwotasies, die klaas en baas omruiling, die idee van stamgrond, van voorvaders wat waak en wraak oor grondverlies, waar grafte noukeurig ontbos word. Die ideologie waar die besitloses reg is net omdat hulle arm is. Waar arm mense ryk mense mag regsien tot die dood toe, net omdat hulle geen grond onder hulle voete het nie. Die 'swart' Afrikaanse kerke het weer die gevaarpotensiaal om hierdie afgod se kant te kies. Dit klink soos die taal van Belhar: salig is die armes, joune en myne is ons s'n. Grond is almal s'n. Die grond behoort aan almal wat daarop bly, so vier ons die vryheidsmanifes ...

## Flou preke

Die kerke moet nie verward links en regs rondkyk nie. Nie een van die twee gode gaan heil bring nie. As

die kerk nie die grondige afgodery raaksien nie, gaan die kerk die afgrond ingelei word. Wat preek 'n dominee op die begrafnis van 'n vermoorde boer as hy of die boer nog nie eers nagedink het oor die Abrahamitiese seëning (Genesis 12:1) nie? Wat sê die predikant as hy die attes (in Engels geskryf) aflees vir die lidmate wat moedeloos landuit vliegvlug? As hy nie die seëning van Abraham in herinnering roep nie, dan prewel hy maar floutjies iets oor die koninkryk wat oor die see ook strek. Wat preek jy drie uur die Sondagmiddag in 'n sinkgeboutjie in die plakkerskamp as jy nie ook Abraham se geloofsverwachting ken nie? Jy vergeestelik die evangelie of jy preek 'n sosiale evangelie waar die hemel nou al aarde toe moet kom.

Wat het Abraham met ons grondeise te doen? Alles. Die neo-liberale het die woord 'volk' vergeet. Die sosialiste het die woord 'klas' verafgod. Albei ken Abraham – en wat God aan hom oor hulle gesê het – nie. God het aan Abraham beloof dat Hy in hom al die nasies van die aarde sal seën: 'En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word' (Genesis 12:2-3) ... 'en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het' (Genesis 22:18).

## Vyfde gebod

Hier is 'n belofte in Abraham oor en vir alle volke. Die twee afgode het sataniese verbindings gemaak. Wat God geskei het mag geen mens saamvoeg nie; wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. Dit is verbondstaal. 'n Taal wat geen afgod kan praat nie, want dit het geen mond nie. Wat beteken die verbond – al beseël by die doopvont – vir grondhervorming? Dit bind jou en jou kind aan God se beloftes. Beloftes wat ruimte op aarde insluit. Die vyfde gebod getuig daarvan: eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee (Eksodus 20:12). Hierdie land is nie ten eerste 'n politieke staat nie, maar 'n landstreek, grond, grondgebied. Onderwerp jou

aan God, aanvaar sy beloftes in die Christus en Hy belowe aan jou ruimte op aarde om Hom te dien.

## Vergeestelik vergeet

Dit is die belofte van Réhobot. 'Daarom het hy dit Réhobot genoem en gesê: Ja, nou het die HERE vir ons ruimte gemaak en kan ons vrugbaar wees in die land' (Genesis 26:22). Die kerk het vergeet om vir die volke, ook die Afrikaner, te preek dat die verbond oor twee dinge gaan: saad en grond. Abraham sal 'n groot nageslag hê en hulle sal die beloofde land besit. Hierdie belofte wortel in die verbondsoopdrag wat reeds voor die sondeval geld: wees vrugbaar en vul die aarde. In Abraham word die nasies, die geslagte van die aarde geseën. In die verwagting van die Messias, deur Abraham se geloof in Christus, is hy regverdig voor God gereken. Dieselfde geloof bring seëning vir die volke. Waarom het ons dit vergeestelik? Waarom het ons dit vergeet?

Laat die Afrikaner dit hoor: in Abraham is julle geseën. Laat die kerk dit weer aan julle sê – julle vermoordes en moordenaars, julle veragtes en veragtelikes, julle grondbaronne en grondloses, julle grondvergrypers en grondverloorders, julle Afrikaanse afgodedienaars wat wil mik-mik tussen twee gode: slegs in Abraham se geloof lê julle uitkoms. Slegs as julle kinders van die belofte is sal julle en julle kinders lewe (Romeine 9:9), tydelik en ewig. Waar is Réhobot vir jou, Afrikaner? Het jy nog nooit van Abraham gehoor nie? Het jy nie geweet dat God vir die mensdom voorafbepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het sodat hulle die Here kon soek nie (Handelinge 17:26-27)?

## Uitsterf

Afrikaner, het jou tyd in Afrika dan uitgeloop? Jy dink so, want kyk hoe sug jy. Wie is daar wat nie emigrante in die familie het nie? Wie moet nie sy Engels afstof om met die kleinkinders te praat nie? Wat bly oor as jy Réhobot nie soek nie? Net Akeldáma (Handelinge 1:19; Matteus 27:7). Christus is jou hoogste Profeet (Heidelberse Kategismus Sondag 12), die Engel van die Here van ouds wat

die kerk veilig lei. Hy weet waar jou Réhobot is.

Moet jy nou regtig uitsterf omdat jy Abraham se seëning vergeet het? Want kyk, Afrikaner, jy sál sterf as jy jou rug op die Messias draai. Jou taal sal leenwoorde by ander word. Die *Oxford Dictionary* sal woordeliks herhaal dat daar eens mense was wat 'lekker kon braai'. Jou kinders, waarvan 'n groot deel nie meer gedoop word nie, sál bandeloos sterf, op aarde en onder die aarde omdat jy die verbond verbreek het en agter ander gode aangegaan het. Jou monumente, jou plaas en huis, sál klip vir klip gestroop en gesloop word.

### Kerklike roeping

Is dit gering in God se oë as 'n volk sterf? Is God se majesteit en eer en verbondsgetrouheid aan Abraham nie gekoppel aan die volkere-seëning nie? Staan daar verniet dat die konings van die aarde in die hemel hulle heerlikheid en eer sal bring (Openbaring 21:24)? Wanneer gaan die kerk weer agterkom dat volkere in Christus gered word, dat dit ewigheidswaarde het, dat die put by Réhobot roep om die water uit die tempel in Jerusalem? Dat dié stroompies van die rivier die Godstad bly maak (Psalm 46:5)? Waarom wil ons as volk nie meer aansit by die maaltyd<sup>1</sup> wat die Here vir ons berei het met die koms van Jesus Christus nie?

Wanneer gaan ons leer dat die pad na die hemel oor die aarde loop? Christus is die pad, die weg. Predikers, word wakker uit julle slaap! Hoe lank nog voordat jy gaan begin preek oor volkere-seëning – oor volksgrond, wat nóg individualisties, nóg sosialisties behou of begryp kan word? Hoe lank gaan die kerk nog die eerste en tweede gebod oortree deur die volkere en hulle grondgode na die mond te praat? Ons het grondhervorming van die Abrahamitiese seëning nou nodig. Nie omdat ons sterwend is nie, maar omdat God se eer dit eis. As ons dan moet vergaan, as ons tyd en grens maar kort is, laat ons sterwenswoord dan Réhobot wees: 'Here maak vir ons en ons kinders – ook as volk – tog ruimte'. Laat die kerk die Afrikaners so leer bid. Laat daardie gebed missionêr ekumenies wees.

### Begraafplaas vir vreemdelinge

'Miskien ook sal ons sterwe', soos Van Wyk Louw<sup>2</sup> dit dig. Maar dan nie met sy slotsom nie: 'dat ons nie kon gebuig word soos húl geweld dit wou, en dat ons hoog kon lewe net aan ons bloed getrou'. Nee, dit is die lied van Akeldáma, bloedgrond. Ons het geen bloedige helde meer nie. En al sou ons hê, dan kan hulle bloed niks koop nie. Abraham leer ons dat die Messias se bloed koopprys is – ook vir grondruimte. Hy géé. Hy néém.

Tans is Hy besig om by die Afrikaners te neem, want hulle bid afgodies Akeldáma. Dat die Messias versmaai word en dat die grond wat bekom is nie benut kán word nie, maar die bêreplek van vreemdes se beendere word. Bloedgrond – verraad teenoor die Messias, dit is Akeldáma – verruiling van die verbond vir aardse bindinge, dit is jou voorland. 'n Begraafplaas vir vreemdelinge.

Akeldáma of Réhobot? Wat sal die Afrikaner verkies? Duiwelse verraad of goddelike raadpleging? Geloof in die beloftes van God – so vroeg reeds aan Abraham gemaak? Of in twyfel wegtrek van God se hand? Is God se arm te kort om 'n volk te red? Nee, stellig nie, verklaar Paulus. Maar sal Hy geloof vind as Hy kom? Geloof gevoed uit die seëning van Abraham? Die kerk moet sy geduld met gode staak. Die kerk moet die volke leer bid: 'Here, waar is Réhobot'? Ons het grondhervorming dringend nodig.

1. 'En die HERE van die leërskaie sal op hierdie berg vir al die volke berei 'n maaltyd van vetspyse, 'n maaltyd van ou wyn, van vetspyse vol murg, van gesuiwerde ou wyn. En Hy sal op hierdie berg vernietig die uitgespreide sluier wat al die volke omstuier, en die omhulsel waarmee al die nasies bedek is' (Jesaja 25:6-7).
2. 'Miskien ook sal ons sterwe, en iewers ruggelings stort, dat hierdie helder aarde in ons verdonker word. Miskien sal niemand later mooi dinge van ons weet, en nêrens sin te kry wees in al ons stryd en leed, sal elkeen as hy magtelos naby sterwe lê, net hierdie eensaam wete uiteindelik nog hê: dat ons nie kon gebuig word soos húl geweld dit wou, en dat ons hoog kon lewe net aan ons bloed getrou.' NP van Wyk Louw (2002:84). Versamelde gedigte, uitgegee deur Tafelberg / Human & Rousseau.

AKTUEEL

Ds HJ Momberg, Pretoria – Die Kandelaar

## Waar beveel die Skrif dat christelike feesdae onderhou moet word?

Die geboorte van ons Here Jesus Christus, tesame met sy hele heilswerk, is 'n saak wat deel vorm van die kern van die boodskap van die hele Bybel. Kort saamgevat verwoord die Heidelbergse Kategismus dit in Sondae 6, 7 en 14 – hierby word die belangrikste eksplisiete Skrifbewyse aangedui.

'n Mens sou breër op die Skriftuurlike openbaring van die heilswaarde en heilsfeit van die geboorte van ons Here Jesus Christus kon ingaan. Ter wille van die debat wat hieroor opnuut op 'n baie fel wyse in 'n klein kringetjie van Gereformeerdes gevoer word, word hiermee volstaan.

Die debat handel nie oor die feite van die geboorte van ons Here Jesus Christus nie; dit aanvaar almal wat by die daarby betrokke is. Die debat handel oor die geldige wyses waarop gelowiges hierdie heilsgebeurtenis vir hulleself toe-eien.

- Daar is sommiges wat die geboorte van Jesus konstruktief deel maak van die normale lering en onderrig in die gemeente – in prediking, kategetiese, huisbesoek, asook ander bymekaarkomgeleenthede wat deel vorm van die konvensionele funksionering van die gemeente. Dit word dus nie besonder beklemtoon deur die aandag geïsoleer in een of ander bedieningswyse daarop te fokus nie.
- Ander is getrou in die orde wat kerke onder mekaar afgespreek het om die volle raad van God op deurlopende wyse te leer. Op Sondag, gewoonlik tydens die tweede erediens, word uit die Heidelbergse Kategismus gepreek. Op die besondere plekke word op die geboorte van die Here Jesus gefokus.
- 'n Derde groep skakel by 'n ou kerklike gebruik in wat reeds uit die tyd van Konstantyn dateer. Daarvolgens is sekere dae van die jaar geormerk en afgesonder om spesifiek aan sekere geestelike sake aandag te gee. So het die sogenaamde kerklike jaar ontstaan. Sommige van die dae wat vir inkleding deur die kerklike jaar gekies is het inderdaad 'n bedenklike oorsprong. So is Sondag byvoorbeeld oorspronklik uit heidense konteks na die son vernoem en aan aanbidding van die son gewy<sup>1</sup>. Die christene het hierdie dag egter as die eerste dag van die week geneem en dit as die opstandingsdag van die Here Jesus herdenk. So is ook ander spesiale dae, wat voorheen dikwels aan diens van sekere ou heidense afgode gewy is, deur die nuut-erkende staatskerk verchristelik. Die benutting van die sogenaamde christelike feesdae in die kerklike jaar het veral in die tyd van die Reformasie nuwe aandag gekry. Daar is met ernstige kritiek hierna gekyk, veral omdat dit in die tradisie van die Roomse kerk tot allerlei uitwasse gelei het – soos vele van hulle ander praktyke<sup>2</sup>. Die belangrikste besware wat hierteen ingekom het was die gevaar om hierdie dae met bygelowigheid te vier en die gevaar dat die viering daarvan

te maklik vereenselwig kan word met die gelyktydige gees van losbandigheid wat op hierdie dae in die res van die wêreld plaasvind. Dit het egter nie daartoe gelei dat die viering hiervan geheel deur die reformatore ontken is of tot niet gegaan het nie. Selfs Luther wat aanvanklik heeltemal daarvan weggebreek het<sup>3</sup>, het later weer daarop teruggekom. Alleen is daarby vereis dat dit in soberheid en sonder bygeloof moet geskied met die gepaardgaande antitesis tussen kerk en wêreld.

- Sommige kerke uit die Reformatoriese tradisie het heeltemal gebreek met die gebruik van die kerklike feesdae.
- Ander het 'n variasie op die kerklike feesdae ingebring deur op die Sondag wat naaste aan die kerklike feesdae sou lê, in die prediking besonder aandag te gee aan die betrokke heilsfeit. Daar is ook bewustelik van 'n hele klomp dae wat van mindere belang blyk te wees, byvoorbeeld die besnydenis van Christus, geheel afgesien.

Na baie jare het die saak verskillende wyses gekry waarop Gereformeerde kerke afgespreek het om dit in die kerklike bediening aan te spreek. Dit word in die Kerkorde van die GKSA (artikel 67) soos volg verwoord: 'Die onderhouding van die Christelike feesdae, Kersdag, Paasfees, Pinkster en Hemelvaartsdag, word aan die vryheid van die kerk oorgelaat'.

Die vraag is: Hoe verantwoord kerke hulle wanneer hulle van hierdie 'vryheid' gebruik maak – óf deur dit te onderhou, óf deur dit nie te onderhou nie?

Sommige sê eenvoudig: Ons onderhou nie die feesdae nie, in elk geval nie Kersfees nie, omdat daar nie so 'n opdrag in die Skrif te vind is nie. Die implikasie van so 'n verantwoording is verreikend, indien nie verregaande nie. Dit moet dan noodwendig daarop neerkom dat diegene wat dit wel doen, dit buite die opdrag van die Skrif doen en eintlik aan die Skrif ongehoorsaam is! Sommige huiwer ook nie om dit so te skryf nie. Diegene wat wel

die feesdae onderhou word beskou as mense wat die tweede gebod oortree deur Hom op 'n wyse te dien wat Hy nie beveel het nie, mense wat hulle met beelddiens besig hou.

## Die argumentasie geweeg

'n Mens moet in die beredenering van 'n saak konsekwent wees. Was die mense wat by die opstel van die kerkorde betrokke was so stiksienig en blind dat hulle aan die kerke 'n sekere vryheid veroorloof het wat nie deur die Skrif as vry gegee is om óf te doen óf na te laat nie? Het ons hier nie regstreeks te doen met die saak wat Paulus in Romeine 14:5-6 beskryf nie: 'Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees. Hy wat die dag waarneem, neem dit waar tot eer van die Here; en hy wat die dag nie waarneem nie, neem dit nie waar nie tot eer van die Here; en wie eet, eet tot eer van die Here, want hy dank God; en wie nie eet nie, eet nie tot eer van die Here, en hy dank God'.

Uit die feit dat hierdie saak die kerkorde gehaal het kan ons aflei dat dit 'n saak is wat nie sonder die nodige debat en stryd in die kerkgeskiedenis verbygegaan het nie. Waar daar oor hierdie saak inderdaad geen eksplisiete bevel in die Skrif gegee word nie, is daar ook vele ander sake waarvoor daar nie eksplisiete bevel gegee word nie, maar waar daar uit die volle Skrifopenbaring geldige afleidings gemaak is. Voorbeelde hiervan is of christene die Sondag moet onderhou, wanneer hulle die nagmaal moet vier, of kindertjies gedoop mag word, en so meer. Met die geldige afleidings wat uit die Skrif gemaak is, is byvoorbeeld die bedieningswyses afgespreek dat verbondskindertjies so gou as moontlik na geboorte gedoop en dat op Sondag eredienste gehou moet

1. Kyk die insiggewende bespreking hiervan in Christelike Encyclopedie, 1961 deel VI, pp 704-6

2. Dr FL Rutgers, Calvijns invloed op de Reformatie in de Nederlanden 1901, herdruk 1980, pp 94-103 bespreek dit uitvoerig vanuit die oorspronklike bronne.

3. Soos weergegee deur W Balke in sy "Calvijn en de Bijbel" 2003: 86



word. Betreffende die onderhouding van die genoemde feesdae – dat dit aan die vryheid van die kerke oorgelaat word.

Wanneer word iets nou as 'n opdrag en wens van God beskou? As Hy iets eksplisiet beveel, moet ons dit doen en mag dit nie nalaat nie. As Hy iets eksplisiet verbied, moet ons dit nalaat en mag dit nie doen nie. Daar is egter baie sake wat nie eksplisiet uitgemaak kan word nie, maar wat met die nodige afleiding uit die hele Skrif vasgestel moet word.

Betreffende die geboorte van Christus moet ons vasstel dat dit die kern van die openbaring in die Skrif is. Dit vorm die kern van ons ongetwyfelde geloof in Christus. Die openbaring hiervan in die Skrif neem ons as waar en seker aan. Hierdie heilsdaad moet ons net soos die hele res van sy heilswerk in die geloof omhels en toe-eien. Dit is die opdrag wat ons uit die Skrif ontvang. Dit beteken dat hierdie werklikheid ons totale lewe ingrypend raak en moet raak. Geen christen het dit ooit ontken nie. Maar dan is die opdrag hierbinne afgehandel. Ons lees nie van enige verdere voorskrifte hoe ons die heilsdaad van Christus se geboorte konkreet in ons kerklike bediening moet toepas nie. Beteken dit dat ons in stryd met die Skrif handel wanneer daar tog iets konkrees in dié verband gedoen word, omdat daar nie so 'n opdrag is nie?

Sake waaroor daar nie eksplisiete opdragte in die Skrif voorkom nie is onder andere:

- Die pastorale bediening by die geboorte van 'n verbondskindjie.
- Die begrafnis van 'n pasgebore babatjie wat gesterf het.
- Die doop van 'n verbondskindjie.
- Die nadenke oor die sin van ons bestaan op aarde.
- Die kategeese en opvoeding van ons kinders.
- Die deurlopende behandeling van ons geloofsleer in die eredienste.
- Die oordenking hiervan op 'n spesiale dag van die jaar.
- Die bediening by die herdenking van ons eie geboortedae.

Die belangrike reël is deurgaans dat met nugtere nadenke en lering uit die Skrif by al hierdie geleenthede die heilswerk van ons Here Jesus – ook betreffende sy geboorte – stilgestaan, geleer, vermaan en vertroos word om dit ons eie te maak. Dit is immers deel van die pakket van Christus se heilswerk wat aan ons die nuwe en ewige lewe besorg – 'n geloofswerklikheid wat ons tot 'n gehoorsame lewe moet opwek en ons oor die nuwe lewe laat juig.

Wat doen ons eintlik wanneer ons op 25 Desember 'n erediens hou waar die geboorte van Christus die groot tema is? Miskien is dit 'n bietjie vereenvoudig om te sê: ons vier Kersfees. Net so ook as ons op Sondag sou sê: ons vier vandag Sondag. Letterlik is dit immers nie waar nie! So staan dit wel in die volksmond bekend en ons moet mooi nadink wanneer ons praat. Dan word vir mekaar gesê: Geseënde Kersfees. Ja, miskien is dit 'n bietjie stomp as die konteks nie behoorlik begryp word nie. So ook as mense vir mekaar sou sê: Geseënde Sondag. Saam met wat op hierdie dae terselfdertyd in die wêreld gebeur kan dit selfs lasterlik wees. Want wat is 'n geseënde Kersfees en 'n geseënde Sondag nou eintlik? As ons egter daarby oordink dat ons ontvangenis en geboorte in sonde, deur Christus se geboorte toegedek word en dat ons uit die opstanding van Christus kan lewe, is dit dalk beter om vir mekaar te sê: Gelukkige verjaarsdag in Christus! Salige bedekking van nog 'n jaar in Christus se geboorte! Geseënde wedergeboorte! Laat ons bly wees in ons opstanding saam met Christus!

Sou daar christene wees wat op 25 Desember nie wil saamkom vir 'n erediens nie, is daarvoor ook geldige redes wat aangevoer sou kon word – geldige redes wat nie net kontekslose reguit lyntjies trek en sê dat daar nie so 'n opdrag is nie. Onder bepaalde omstandighede is daar redes wat die opbou van die kerk dien en wat spreek van 'n liefdevolle besorgdheid, byvoorbeeld:

- Gelowiges is dikwels geneig om allerhande bygelowige waardes aan die feesdae te koppel – dit gebeur dikwels dat Kersdienste meer

ywerig bygewoon word as gewone eredienste.

- Gelowiges is te dikwels geneig om die Kersdiens of die diens op Goeie Vrydag maar net as een item van 'n verdere andersins wêreldse feesprogram en feesseisoen te maak.
- Gelowiges wil dalk nie deur hulle Kersdiens by die wêreld die persepsie tuisbring dat daar erkenning gegee word aan die wêreldse feesgees nie.

Dit spreek vanself dat omstandighede behoorlik geweeg moet word, en dat dit nie noodwendig oral dieselfde is nie.

Tog is daar lidmate wat hierdie wettige probleme evangeliserend wil aanspreek. Nie deur onthouding nie, maar deur aktiewe regstelling; deur in die onderhouding van die dae dit juis anders te onderhou; deur die vrye tyd op hande sinvol met 'n erediens in te klee. 'Laat ons dan mekaar nie meer oordeel nie, maar besluit dit liewer, om nie die broeder 'n hindernis of struikelblok in die weg te lê nie' (Romeine 14:13).

Uit die geskiedenis van die Reformasie is daar veral twee briewe uit die korrespondensie van Calvyn wat boekdele hieroor spreek. Die een is 'n brief wat hy aan die predikant, Haller, van Bern op 2 Januarie 1551 geskryf het. Die ander een is gerig aan Bullinger op 23 April 1551. In beide hierdie briewe kry ons 'n refleksie op die gebeure en omstandighede wat Calvyn voor en tydens sy terugkoms in Genève in verband met die afskaffing van die feesdae aangetref het. Voordat Calvyn en Farel uit Genève weg is, was daar onder andere 'n ernstige stryd oor die saak dat die stadsraad in die kerklike sake ingemeng het<sup>4</sup>. Calvyn wou die saak van kerklike feesdae op ordelike wyse deur die kerklike vergadering, die sinode van Zürich, laat beslis en nie deur geweld van die burgerlike owerheid nie. Wanneer hy jare later terugkom, skryf hy hoe verbaas hy was dat die stadsraad van Genève hierdie feesdae geheel afgeskaf het. Hy betuig dat hyself geen aandeel daarin gehad het nie. As hulle sy mening hieroor sou gevra het, sou hy nie die



algehele afskaffing daarvan bepleit het nie. Hy is fel gekant teen alle superstisie wat daar aan die dae gekoppel is. As ons sou dink dat ons deur die plegtige viering van so 'n dag een of ander spesiale diens aan God kan lewer, is ons met ons eie fantasieë besig wat in stryd is met die tweede gebod (aldus sy preek uit Miga 5:6 op 25 Desember 1550). Talle inkonsekwentheid was elders in gebruik. Daar is byvoorbeeld 'n dag vir Jesus se besnydenis afgesonder, maar aan sy sterfdag is heeltemal verbygegaan. Volgens die briewe is dit een van die sake waarin Calvyn probeer het om 'n middeveg te soek. As hy homself hieroor voor die regterstoel van Christus moet verantwoord, is die belangrike

vraag nie of ons die feesdae getrou onderhou het nie, maar hoe ons van ons vryheid gebruik gemaak het tot die bevordering en opbou van die gemeente van Christus.

In al die kerke behoort daar in die prediking, kategeese en ander bediening op genoegsame wyse en intensief aan hierdie heilsdaad van Christus aandag gegee te word – soos ook al die ander heilsdade geleer en toegepas word. Al die verskillende dade is uiteindelik een groot heilsdaad waarin Hy ons met God versoen en van ons doodsnyande verlos het. Dit moet verkondig word. Die kerkgeskiedenis dui dit deeglik uit die Skrif aan. Wat die verskillende moontlikhede daarvan

betref, saam met al die ander voorwaardes wat daaraan verbonde is, is die verantwoordelikheid van die plaaslike kerke. Spesifiek die onderhouding van die feesdae lê in die vryheid van die kerke. Laat die kerkraad hierin met wyse besinning en opgawe van geldige redes die orde reël of hulle op dié dae die gemeente vir 'n erediens gaan saamroep of nie. Laat hulle daarin nie verdere bindende laste en sware oordele op die lidmate lê nie.

---

4. Hierdie feit word behoorlik uit die oorspronklike bronne aangetoon in 'n proefskrif van HA Speelman, 1994: Calvijn en de zelfstandigheid van de kerk, pp 70-87, wat in 'n groot mate die teorie omverwerp dat Calvijn en Farel hoofsaaklik uit Genève verban is omdat hulle nie die feesdae wou onderhou nie.

## OP DIE KERKERF

Ds RA Bain, Potgietersrus-Wes

# Hoe keer ons dat die reformasie 'n museumstuk word?

Dit is nogal opmerklik dat predikante en ouderlinge met die mees teenoorstaande oortuigings by meerdere vergaderings en ander geleenthede in die GKSA mildelik vir Calvyn aanhaal om gewig aan hulle saak te verleen. Dit was ook tydens Sinode 2003 opmerklik dat heelwat afgevaardigdes moeite gehad het met die voorstel dat nuwe formuliere die taal en gees van die reformasie moet adem. Vanuit bogenoemde kan 'n mens maklik die afleiding maak dat gereformeerdes wyd uiteenlopend oor die werke van Calvyn en oor die aard van die Reformasie dink.

Miskien is die spanning oor Calvyn se werke en gereformeerde-wees daaraan te wyte dat ons nie meer so vertrouwd is met die Reformasie nie; dat die Reformatoriese fondament van ons teologiese besinning uitgekalk word deur 'n besig wees met sekondêre bronne oor die Reformasie en selfs 'n onvertroutheid met die geskrifte van die Reformasie.

Indien dit waar blyk te wees kan daar beswaarlik nog van gereformeerde teologie sprake wees. Daarom is dit van belang dat predikante en teologiese studente weer vertrouwd sal raak met die taal en gees van die Reformasie en weer op hoogte sal kom met die primêre bronne van die Reformasie.

'n Baie werkbare metode om gelowiges weer vertrouwd te maak met die Reformasie, is die van teks-lees. Dit is 'n metode wat al baie lank in Europa onder studente bekend is. Die metode van teks-lees is eintlik onmisbaar vir enige rigting binne die teologiese ensiklopedie. 'n Klompie studente en lidmate asook predikante en 'n paar professore kon onlangs so 'n teks-leesgeleentheid, met die Reformasie as onderwerp, in Potchefstroom meemaak. Hierdie geleentheid is deur teologiese studente gereël en aangebied onder leiding van dr Victor d'Assonville van Colesberg/Philipstown.

By die geleentheid is daar drie primêre bronne van die Reformasie in Latyn – gelukkig vir baie, met 'n vertaling daarby – gelees en bespreek. Die eerste van die drie geskrifte was gedeeltes uit die bekende brief van Calvyn aan die Franse koning, wat voor in die 1559-uitgawe van die Institusie verskyn. Die ander twee bronne was die strydgeskrifte tussen Calvyn en kardinaal Sadoletus. Daar is aangedui wat die rol van die *regula fidei* (maatstaf van die geloof) in ons omgang met die Skrif is. Dit het geblyk dat baie van die aanwesiges nie mooi geweet het wat hierdie belangrike maatstaf is nie. Hierdie maatstaf van die geloof is ons belydenis.

Dit het verder geblyk dat ons die aard en gesag van die belydenis alleen goed kan verstaan as ons vertrouwd is met die bronne, taal en gees van die Reformasie. Die verskille in beskouing rondom

die aard van die *regula fidei* is geïdentifiseer as een van die grootste oorsake vir die uiteenlopende oortuigings rondom Skrifverklaring.

Die metode van teks-lees sorg dat 'n mens teologies fiks bly deur met die oorspronklike tekste te werk. Wanneer teoloë rondom die primêre bronne met mekaar in gesprek gaan kan hulle hul teologiese wortels herontdek. Die voordeel van hierdie metode is dat dit nie op een persoon fokus wat 'n lesing aanbied en vrae beantwoord nie. Studente raak, met

die Bybel as 'n primêre bron in die hand, teologies saam aktief en begin die vasgeroeste en verwaarloosde instrumente weer gebruik.

Miskien is 'n verdere oorsaak dat gereformeerdes vreemd vir die Reformasie geword het daarin geleë dat ons vergeet het dat 'n goeie predikant veronderstel is om 'n teoloog te wees, 'n vakman wat sy vakgebied beheers. Hoe kan 'n gereformeerde teoloog sy vakgebied beheers as hy die Reformasie net deur hoorsê ken? Hopelik kan ons in

die kerkverband meer gebruik maak van die teks-lees metode sodat daar 'n algemene teologiese verdieping in die gereformeerde teologie by lidmaat, predikant en teologiese student kan plaasvind. Miskien sal daar sodoende weer insig en begrip ontstaan vir wat gereformeerde is; dat die Reformasie nie 'n museumstuk is nie, maar veronderstel is om by ons te leef tot vandag toe. Die Reformasie as museumstuk laat die belydenis uiteindelik ook verander in 'n geskiedkundige wetenswaardigheid.

## OP DIE BOEKRAK

Ds P Venter, Dendron en Magalakwin

# Zij aan zij - Pleidooi voor een vrouwelijk ambt in de kerk

Dr EA de Boer

## Sye (man en vrou) moet kruis

'n Eerlike poging om die lyne van die Skrif en die spore van die geskiedenis te laat kruis om te mag kom by die kruispunt van dit wat die Here van die man in sy kerk verwag terwyl die vrou se roeping en werk in dieselfde kerk geag moet word, gesien teen die agtergrond van wat die kruis van Jesus Christus vir ons – man en vrou – moontlik gemaak het. Met hierdie inleidende indruk stel ek graag die boek van dr EA de Boer aan u bekend.

## Vertrekpunte

Dit is baie duidelik dat die skrywer die aktualiteit en noodsaaklikheid van leidinggewende studie wat hierdie aangeleentheid in ons kerke vereis, besef. Dit geld nie net vir die kerke van gereformeerde belydenis in Nederland nie, maar die skrywer is ten volle op hoogte van die sake wat ook in die GKSA 'n brandpunt geword het.

Dit wil voorkom of die skrywer werklik probeer om nie vooraf die

uitslag van sy studie te probeer bepaal nie. Deur God se Woord voorop te stel het hy aan die sy<sup>1</sup> van elke gelowige man en vrou gaan staan om 'sy aan sy' aan ons oor te dra watter besondere roeping en plek God in die 'amp<sup>2</sup>' daargestel het. Om net te praat oor die 'vrou in die amp' of wat nie in die 'amp' mag wees nie, is 'n ooreenvoudiging van 'n baie dringender en ryker saak. Hy sluit aan by 'n stelling in 'n artikel wat Van Bruggen reeds in 1991 gemaak het: 'Het ambt bestaat niet!'. Daarmee word bedoel dat die amp uit verskillende soorte ampte bestaan, maar nie iets is wat opsigself as sodanig verabsoluteer moet word nie. Om net te praat van die 'vrou in die amp' maak dit benouend en afbrekend. Sodoende kom die plek van die vrou in die kerk, waaroor dit eintlik moet gaan, nooit behoorlik aan die orde nie. Daar word bevind dat baie meer spesifieke vrae gevra moet word. 'n Mens kan nie net 'n keuse daarvoor of daartéén maak nie.

## Die tyd, skrywer en werkswyse is ryp

Die skrywer het in die onderwerp van sy boek gegroei en vir die skryf van die boek ryp geword. Die wyse waarop met die Skrif omgegaan word laat geen twyfel nie dat hy die belangrikheid van die regte hermeneutiek besef en dit ook so wil hanteer. Daarvoor moet ons groot waardering toon in 'n tyd waar hierdie saak juis op grond van ander se hermeneutiek staan of sneuwel.

## Aanbieding

Die temas waarbinne hierdie pleidooi na ons kom, val hoofsaaklik in drie dele uiteen. Die eerste grondliggende deel handel oor Skrifuitleg en etiek. Daarin word nie nagelaat om oorsee en ter plaatse die stand van sake en die geskiedenis van die saak in die verskillende kerke van gereformeerde oorsprong neer te stip nie. Hoofstuk een plaas die Woord midde in ons werklikheid. Terselfdertyd word die mees resente sinodebesluite

direk aangehaal om die verwerking daarvan makliker te maak. Deel een bevat nog 'n verdere twee hoofstukke. Hoofstuk twee gaan oor 'n antropologie (mensbeskouing) waarin die betekenis van manlik en vroulik vertolk word. Hoofstuk drie bring die werklike *crux* na vore waar die skrywer die vrae en reëls by die uitleg van die Skrif (hermeneutiek) behandel. Hiermee wil hy aantoon dat sy Skrifbeskouing en aanvaarding van Skrifgesag nie onder verdenking moet staan nie. Ook nie sy Skrifbenadering nie!

In deel twee van die boek word dele uit die Skrif verklaar. Tema twee is ingedeel in nege hoofstukke wat van hoofstuk vier tot twaalf strek. Dié gedeelte is die lywigste van die boek en stel eerlik ondersoek in of daar nie ruimte gemaak kan word vir 'n eie amp van gelowige susters in die gemeente nie. Die vraag of die isolering van die amp net vir broeders werklik die toets van die Skrif deurstaan, word krities ondersoek. Die vraag of manne werklik sonder vroue kan klaarkom word met erns deurtas. Is daar nie die moontlikheid van 'n eiesoortige amp vir vroue wat wel diakonaal die vorm kan aanneem van diakonesse maar tog heeltemal iets anders is as die duplisering van diakens, wat wel manne moet wees nie? Hiermee wil die skrywer die roeping van vroue

nie net diakonaal inrig nie. In belang van pastoraat, verkondiging en onderwys gebeur daar unieke dinge rondom die vroue in God se Woord. Die baie gebruikte (en misbruikte) Galasiërs 3:28 vorm die slotdeel om die reikwydte vas te stel wat God bedoel oor die eenheid van man en vrou in Christus. Dit gaan dus nie maar oor die vrou in die amp nie, maar wel om die oog daarvoor oop te maak hoe God Hom deur vroue wil laat bedien in die rykdom van sy genade, ook as God dit amptelik maak. Hierdie deel kan die hart binne die lyfgedeelte van die boek genoem word. Om dit egter op bene te plaas het die boek ook 'n derde deel wat beskryf hoe hierdie benadering prakties gestalte moet kry.

Die skrywer beskou deel 3 as die interessantste gedeelte, waarin die kerklike praktyk in lyn gebring word met wat sy studie hom geleer het. Hy staan verwonderd oor God se genade wat manne en vroue sy volgelingen maak, vir wie Hy met sy Gees toerus en salf. Hierdie unieke verbondenheid met Christus gee ook vir vroue 'n unieke vryheid wat in die belang van Christus en die genadegawes wat Hy aan vroue gee uitgeleef moet kan word. Hoofstuk 14 bring alles grond toe om werklik te kan en mag praat van 'n tipe 'diakones' waarvoor ons dalk nog nie

genoeg gedink, gepraat, gebed en geleer het nie. Dit moet amptelik gemaak word, maar nie sonder dat die Woord en Gees ook hierin nie die laaste sê gekry het nie. Selfs wanneer dit gaan rondom haar bevestiging en toetreding tot hierdie roeping en hoe daar dan na 'n ander formulier geluister sal kan word.

## Slot

Na my beskeie mening het ons hier, na jarelange studies wat Skriftuurlik gegronde is, moontlik 'n uitweg waarna gekyk moet word. Dit gaan oor meer as 'n uitweg. Dit gaan daarvoor om God nog meer sy eer te gee en om sy genade werklik veelvuldig te laat bedien. In hierdie boek word 'n mens met die vraag gekonfronteer of dit nie die logiese toepassing is van wat Calvyn in sy Institusie (IV; 3:9) bedoel het nie. Op grond van Romeine 12:8 onderskei hy die diakens in twee soorte – dié wat liefdegawes beheer en dié wat mense versorg. Hy beskryf dit as 'grade in die amp'. Gaan hierdie boek 'n stap verder, of is dit die logiese toepassing van dieselfde stap wat net vroulik toegepas moet word? U sal moet help oordeel.

1. Nederlandse uitdrukking vir 'langs'. Die titel van die boek sinspeel op die vroulike 'sy' wat langs die manlike 'hy' staan.

## PERSSKOU

GJ Meijer, Wonderboompoort

# Plagiaat kwadraat

In *Beeld* van 8 Maart 2006 verskyn 'n berig oor 'n hofsak in verband met Dan Brown se topverkoper 'The Da Vinci Code'. Onder die opskrif 'Brown sit dié 'heilige oorlog' voort' word verslag gelewer:

*'n "Heilige oorlog" is gister hervat toe Dan Brown, skrywer van "The Da Vinci Code", weer in die hof verskyn het om aantygings af te weer dat hy twee historici se werk vir dié blitsverkoper geplageer het. Michael Baigent, die man wat Brown se Britse uitgewer dagvaar,*

### Die Evangelie van Thomas vers 114

Simon Petrus het vir Jesus gesê: Laat Maria van ons af weggaan, want vrouens is nie werd om te lewe nie.

Jesus het gesê:

Kyk, ek sal haar lei sodat ek haar manlik maak sodat ook sy 'n lewende gees sal word net soos julle manne. Want elke vrou wat haarself verman sal ingaan in die Koninkryk van die Hemele.

*het gister getuig. Baigent en Richard Leigh, wat die 1982-treffer "The holy blood and the holy grail" geskryf het, dagvaar Random House weens kopieregskending. Hulle beweer Brown het hul boek se hele "argitektuur" gesteel.*

*In kruisondervraging het mnr. John Baldwin, Random se prokureur, Baigent se argument probeer weerlê dat Brown sy boek se "sentrale tema" gesteel het.*

*Hy het verskille uitgewys tussen die struktuur van Baigent en Leigh*

se 1978-manuskrip en die sentrale tema wat hulle nou wil beskerm. Hy het ook gesê dat 'n koerantartikel wat hulle in dié saak gebruik het, nie gesê het dat "Dan Brown 'n riller-intrige gebruik het om die hoofpunte van die sentrale tema van Baigent en Leigh se boek te versprei" soos hulle beweer het nie. Baigent het erken dat 7 van die 15 sentrale temapunte nie in die artikel voorgekom het nie.

Regter Peter Smith het gister gesê die volgorde waarin Brown sy bronne geraadpleeg het, kan die sleutelpunt in die saak wees. In hul openingbetoë verlede week het Ransom se prokureurs gesê Brown het 'n samevatting van "The Da Vinci Code" geskryf voordat hy of sy vrou, wat met die navorsing gehelp het, na Baigent en Leigh se boek gekyk het. Die prokureurs het bygevoeg dat die idees wat die historici wil beskerm, te wyd is en dat Brown verskeie bronne vir sy navorsing gebruik het, waaronder hul boek.

Op 7 April 2006 bevind die hof dat Dan Brown geen plagiaat gepleeg het nie. In *Beeld* van 8 April word berig daarvan gedoen:

*Dan Brown, skrywer van die topverkoper "The Da Vinci Code", het nie sy idees vir die boek by ander skrywers gesteel nie. Só het*

*'n Britse regter gister beslis toe hy die skrywers van "The holy blood and the holy grail", Michael Baigent en Richard Leigh, se beskuldigings van kopieregootredings teen Brown verwerp het. Volgens dié skrywers het Brown die "argitektuur" van hul 1982-boek vir sy boek "toegeëien". Die hof se beslissing in Brown se guns beteken dat die uitreiking van die rolprent wat op die boek gegrond is, in Mei sal voortgaan ...*

*"Vandag se beslissing wys dat die eis geheel en al sonder meriete was. Ek is steeds verbaas dat die twee skrywers verkies het om met die saak voort te gaan," het Brown in 'n verklaring gesê. Volgens hom is hy ywerig om weer aan die skryf te kom. "Ek is tevrede met vandag se uitslag, nie net uit 'n persoonlike oogpunt nie, maar ook as 'n romanskrywer."*

Dat geld 'n (die?) dryfveer agter die hofspraak is, is ooglopend. Maar 'n ander saak moet nie uit die oog verloor word nie. Het Michael Baigent en Richard Leigh geen plagiaat gepleeg met die skryf van 'The holy blood and the holy grail' nie? In die Persskou van Waarheid en Dwaling van Junie 2005 is die Da Vinci Kode vlugtig onder die loep geneem na aanleiding van 'n boekbespreking wat dr Reender Kranenborg daarvoor gelewer het. Uit

die boekbespreking blyk dat Dan Brown ongetwyfeld van 'The holy blood and the holy grail' gebruik gemaak het. Trouens, Dan Brown erken dit self in die inleiding van sy boek. Dit is egter opmerklik hoeveel materiaal Michael Baigent en Richard Leigh uit die apokriewe Evangelie van Thomas 'geplagieer' het. Laasgenoemde skrywers was alles behalwe oorspronklik in hulle werk. Die letterdief kla van letterdiefstal.

Intussen gaan die werk aan die verfilming van 'The Da Vinci Code' voort. Die wêreld wag met spanning op die uitreiking daarvan. 'n Nuwe lokettrefker? Saam met die film word die apokriewe evangelie van Thomas (en 'n menigte ander apokriewe boeke) op groot skaal gedruk en uitgegee – ook in Afrikaans, deur christelike uitgewers en boekhandelaars nogal. Michael Baigent en Richard Leigh het dalk hulle plagiaatsaak teen Dan Brown verloor, maar die apokriewe, valse evangelie van Thomas word intussen wêreldwyd versprei en vir soetkoek opgeëet.

Oor die valsheid van die apokriewe boeke wat in 1946 te Nag Hammadi in Egipte gevind is, sal daar nog diepgaande besin moet word. Die boosheid daarvan moet nie onderskat word nie.

## Herleefde Gnostiek

Onderliggend aan die groot getal nuwe apokriewe boeke waarmee die mark tans toegegooi word, is die Gnostiek van die eerste eeue. In die Gereformeerde Internettyskrif *Vox Viva* van Maart 2006 skryf dr Chris Saayman oor 'Herleefde Gnostiek in die hedendaagse kerk'.

Die oerdwaling uit die Nuwe Testamentiese tydperk – genaamd die Gnostiek – is steeds met ons in vele gedaantes. Onder andere in die sogenaamde "New Age Movement". Dit was die Gnostiek waarna die Apostel Johannes as die "antichris" verwys het. Onder andere het sekere elemente van die Gnostiek via die

16e eeuse wederdoperse teologie, die tipiese hedendaagse "pinkster-charismatiese-teologie" beïnvloed. Spatsels van hierdie teologie is ook sigbaar op die klere van talle gelowiges uit gereformeerde stal. Die Gnostiek is 'n Oosterse heidens-filosofiese denksisteem wat in essensie leer dat die mens ten diepste nie 'n gevalle sondaar is nie, maar eintlik 'n "godeseun" en dus oor 'n innerlike goddelike potensiaal beskik. Daarom is die uiterlike liggaamlike lewe nie van soveel nut nie. God se skeppingswerk is ten diepste sleg. Alles wat verband hou met die skepping is die terrein van die duiwel. Wat saak maak is die "gees" – die

innerlike van die mens. Daarom het die Gnostiek die volstreekte vlééswording van Christus verwerp asook Sy maagdelike geboorte – met die argument dat die Seun van God tog onmoontlik deel kon hê aan slegte fisiese menswees. Dit is juis teen hierdie verkeerde-manier-van-dink-oor-Christus wat die Gees deur Johannes so sterk te velde trek (vergelyk 1 Johannes 4:1-6). 'n Voëlvlug oor die kerkgeskiedenis maak dit duidelik dat hierdie gnostieke denke deurlopend in die kerk kop uitgesteek het. Dit is nie baie moeilik om die historiese lyn te volg nie. Die eerste voorloper van die moderne "pinksterteologie",

Montanus (170 nC), se uitgangspunt was deurdrenk met die idee dat sy menslike gees en die Heilige Gees één is en dat hy die Gees se attribute in sy gees besit. Hierdie teologie kom nie uit die Skrif op nie, maar uit die Gnostiek.

Voorts het die Konsilies van Konstantinopel (381) en Efese (431) standpunt ingeneem teen die gnostiese idees van Apollinaris en Nestorius onderskeidelik. Beide het Christus se volkome mensheid betwyfel en die menslike- en goddelike nature van Christus vermeng. Gedurende dieselfde tydperk het Pelagius geleer dat die mens inherent goed is en die erfsonde verwerp. Pelagius is deur die Konsilie van Kartago (431) veroordeel en deur Augustinus beveg.

’n Mens sien ook die gnostieke gedagtegang in die ontwikkeling van die Roomse Kerk gedurende die vroeë Middeleeue. Nie alleen is die semi-pelagianisme (waarvolgens die mens van nature slegs innerlik “siek” is en nie totaal verdorwe nie) aanvaar nie, maar die onskriftuurlike onderskeid tussen die gewone lewe wat “ongeestelik” is en die “geestelike lewe” wat “verhewe” is, het ’n deurslaggewende rol gespeel. Vandaar die kloosterlewe waar ’n mens kon onttrek uit die “gewone lewe”.

Te same hiermee mag die verskynsel van die Mistiek nie buite rekening gelaat word nie. In die Mistiek word die mens se innerlike tot god verhef. Elke mens het ’n “goddelike vonk” in hom en aanskou God deur “innerlike verligting” – dít teenoor die uitwendige Bybel/Woord wat slegs ’n dooie letter is. So gnosties soos kan kom! In die tyd van die Reformasie moes Luther behoorlik wal gooi teen die mistieke idees van Thomas Münster.

Die reformatore moes egter ook stry teen die Wederdopers se siening dat daar ’n diepe kloof is tussen die gewone daaglikse lewe (as terrein van die duiwel) en die “geestelike lewe”. Die “vlees” is immers ondergeskik aan die “gees”. Vandaar die Doperdom se verwerping van die kinderdoop, erfsonde en maagdelike geboorte van Christus. Vir die wederdoper is

gewone menswees teenstrydig met geestelikheid. Ten diepste is die mens géés. Hy/sy woon maar net in die liggaam/vlees. Die liggaam, met sy behoeftes en drange, is die bron van sonde, maar die menslike gees is suiwer en onaangeraak deur die sondeval. Daarom geen erfsonde, want die baba se gees is suiwer en nog nie vasgevang in die sondigheid van die liggaam nie. Die Gnostiek op sy beste!

Dit is belangrik om te sien hoe die Wederdopers op ’n gnostieke wyse oor Christus se mensheid gedink het. Hulle wil niks van aardseid/ geskiedenis in Jesus se mensheid sien nie. Sy menswees is geestelik-goddelik. In Sy menswees deel Hy in die eer en heerlijkheid van God. Hy het geen deel aan die skepping nie, want dan het Hy deel aan die sonde. Ook die Mens wat Jesus táns is – ná die hemelvaart – sien die dopers as ’n hemelse goddelike liggaam en nie ’n werklike menslike liggaam van vlees en bloed soos Lukas 24:39-40 verklaar nie. Hy is ’n goddelike mens. In Hom is God en mens só één dat Hy as mens deel het aan God se mag en krag.

En nou die punt: God en mens kan ook binne in óns EEN word! Jesus maak dit moontlik. Daar moet ’n identifikasie plaasvind tussen ons gees en God se Gees sodat ons as mense deel kry in God se krag, mag en heerlijkheid! In wederdoperse sin is dít die wedergeboorte. Ons word daarvan verlos om net gewone mense te wees en ons word mense wat vol is van God self. God en mens word één binne in ons, net soos dít met Jesus die geval is – volgens die gnostiese wederdoperse dwaling.

Hierdie gnostiese opvatting is steeds die wortel van die hedendaagse pinksterteologie. Enkele weke gelede het ’n pinksterteoloog nog weer die leer van die erfsonde openlik tydens ’n radioprogram verwerp terwyl sy gespreksgenote – wat uit gereformeerde stal kom – hom nie kragtig kon weerlê nie. Die oersonde – naamlik die mens se begeerte om soos God te word – bly steeds die wortel van die Gnostiek en die inhoud van die pinksterteologie waar die mens met God identifiseer en die mens ’n goddelike mens word wat

vasgevang is binne die vlees.

Dit het implikasies vir byvoorbeeld sake soos siekte en gebed. Volgens die pinksterdenke moet die gelowige se aardse liggaam oorwin word deur die innerlike goddelike krag. Siekte is ’n teken van ons swak menslikheid wat oorwin moet word vanuit die innerlike goddelike potensiaal. Gebed word gesien as die meganisme waarmee die goddelike innerlike krag ontsluit word om die swakheid van die vlees te oorwin. Deur middel van hierdie ontsluiting, bemagtig die mens vir God om te doen wat die mens graag wil hê.

Die ware Bybelse leer bring groot bevryding en ware troos. Volgens die Skrif is daar geen teenstelling tussen vlees en gees nie. Óók die menslike gees is deel van die skepping en deur die sondeval totaal verdorwe. Maar die skepping bly altyd die werk van die Heilige Gees. Die gewone arbeid van die mens in die skepping is deel van die werk van die Gees. Mediese uitvindings en dienste is ook God se werk. Geen deel van ons geskape menswees is sleg en hou ’n innerlike goddelike gees gevange nie. Die genesingspraktyke van die mediese wetenskap is nie bedoel om teenoor die kerk se bediening te staan nie. Gebed is ook nie die ontsluiting van God se krag nie. Gebed is geen krag waardeur mense kan bewerk wat hulle graag wil hê nie. Die wedergeboorte beteken ook nie dat die menslike gees met die Heilige Gees identifiseer en hulle één word nie. Volgens die Bybel is dit sonde vir ’n mens om met Góid te identifiseer. Dit is die oersonde (Genesis 3:5). Om te beweer dat God se Gees en die mens se gees één word sodat die mens met goddelike krag bó siekte, dood, armoede en gebrek uitstyg, is die mens se oersonde naamlik om homself te wil bemagtig met God se goddelikheid sodat hy méér kan wees as ’n gewone mens in Sy skepping. Om na ’n geestelike eenheid met God te soek, wat ons verhef bó gewone menslikheid, is die oersonde.

Wat is dan die troos van die Evangelie? Wat is die verlossing wat Christus gebring het? Hy het – as mens – sonde in ons plek geword (2 Korintiërs 5:21) sodat ons nou in ons gewone menswees deel is van God

se genade en liefde. Hy het ons nie van die aardsheid, beperktheid en nietigheid van menswees verlos nie, maar ons in ons nietige menswees laat deel in God se liefde en aanvaarding. In ons siekte en gesondheid, lewe en dood, armoede en rykdom, is ons deel van God se goedheid en guns en sal Hy alles vir ons ten goede laat meewerk (Sondag 10 HK). Siekte is geen mag en krag buite God en teen Sy wil nie. Hy beskik die siekte en

integreer dit in my lewe as deel van Sy Vaderlike voorsienigheid. Gebed is die dankbare manier hoe 'n gelowige vanuit die Vader se guns mag leef. Gebed is geen kragontsluiting nie en dit bewerk niks. Dit fokus geheel en al op die Vader en beteken om te lewe vanuit Sy perfekte wil. Dit is die rus wat die geloof in Christus meebring en wat in die Skrif vir ons oopgemaak word en waarvan ons gereformeerde belydenis die weerklank is.

Oor die gevaar van Gnostiek kan dik boeke geskryf word. Hierdie is vir eers genoeg om te oordink. Die apokriewe evangelie van Thomas pomp via die Da Vinci Kode-boek en -film dié soort van gifgas in ons kerklike dampkring in. Dit laat 'n mens dink, tweemaal dink. Maar – soos die Nederlanders sê – een gewaarschuwde telt voor twee.

## Verklaring deur 36 predikante

In Die Kerkblad van Maart 2006 spreek 36 predikante hulle mening by monde van dr WC Vergeer en dr T van der Walt oor die vrou in die besondere ampte uit.

### Die saak waaroor dit gaan

Die reg van vroue om God in die besondere ampte te dien, is geen mensereg nie. Dit is geen geslag se reg nie. Dit is nie 'n vergunning van 'n sinode wat dan gegee en vervolgens geneem kan word nie. Dit is en bly die reg van Jesus Christus alleen. Hy het dit aan die kruis verdien.

Bostaande siening oor die diens van vroue in die besondere ampte word wêreldwyd toenemend deur gelowiges gedeel. Hierdie inleiding en verklaring wil duidelik maak dat gelowiges in die Gereformeerde Kerke wat hierdie siening deel, nie gedryf word deur Skrifkritiek, feminisme, liberalisme of 'n drang om die kerk te skeur nie. Intendeel, ons beskou dit as 'n belangrike taak, en noodwendige konsekwensie van die Reformasie wat aan die hart van ons kerke lê.

### Frustrasies en inkonsekwensies

Na 30 jaar van studie oor “die vrou in die amp” beleef gelowiges in die GKSA frustrasie vanweë verskillende inkonsekwensies:

- Sinodebesluite: Sinode 2003 het 'n Skrifhantering wat die Bybel

as wetboek hanteer (kasuïstiek), afgewys. Die sinode het geoordeel dat dit 'n geldiger vertrekpunt is as gevra word of daar in die Bybel deurslaggewende getuienis teen die toelating van vroue is. Na 30 jaar studie deur van ons beste teoloë, kon sulke deurslaggewende getuienis nie aangetoon word nie. Steeds word gelowiges se gewete egter oor hierdie saak gebind en word die voorreg wat Christus vir vroue verdien het, hulle ontsê.

- Skrifuitleg en lewenspraktyk: Skrifgedeeltes wat voorgehou word as getuienis dat vroue God nie in die besondere ampte mag dien nie, word dikwels eensydig verklaar en inkonsekwent toegepas. 'n Paar voorbeelde:
  - Die verbod op vroue om in die gemeente te praat (1 Kor 14:34) word aan gelowiges voorgehou, maar die feit dat dieselfde vroue van Korinte God se Woord verkondig (geprofeteer) het (1 Kor 11:5), word meesal verswyg. Geen gemeente in die GKSA pas hierdie “verbod om te praat” konsekwent toe, in die mate dat vroue in die eredienste nie mag bid, sing, of bely nie. In gemeentevergaderings word vroue toegelaat om te stem en te praat.
  - Die verbod dat vroue mag leer of oor mans gesag mag uitoefen (1 Tim 2:11-12) word in sommige

kringe sterk beklemtoon. Hierdie verbod word, wat gesag betref, kunsmatig geskei van 'n verbod op die dra van goud, pêrels, duur klere en haarkapsels wat in dieselfde Skrifgedeelte voorkom (1 Tim 2:9-10). Ook word die feit dat die woorde “in die erediens” nie in die Grieks of '33/53-Vertaling voorkom nie, dikwels verswyg. Geen gemeente in die GKSA verbied vroue met pêrels, goud, duur klere of haarkapsels om eredienste by te woon nie. Bykans alle gemeentes in die GKSA maak van vroue gebruik om as kategete “te leer”. Vroue mag in ons gemeentes stem. Geen gemeente in die GKSA verbied vroue om in die openbare lewe gesags- of leerposisies (oor mans) te beklee nie.

- Die hoofskap van die man oor die vrou (1 Kor 11:3) word dikwels só verklaar dat alle mans die hoof van alle vroue is, en dat vroue daarom nie amptelik mag dien nie. Die finale konsekwensie van só 'n Skrifverklaring vir die lewenspraktyk word egter nooit gestel nie. Elke Christenvrou moet volgens hierdie uitleg aan enige man (Moslem/Jood/Hindu) onderdanig wees, bloot vanweë haar vroulikheid! Veel geldiger is om te verklaar dat dit in hierdie gedeelte gaan om die (dienende) hoofskap van 'n getroude man oor sy eie vrou.

- Kerkorde word kerkwet: Sinode 2006 handhaaf 'n beswaar ingevolge Art 46 KO teen die 2003-besluit om vroue as diakens te laat dien. Die voorstel sou in 2003 "onordelik" ter tafel gekom het. Ten spyte van die feit dat Art 46 in sy bewoording daarvoor ruimte laat dat 'n vergadering self kan bepaal om iets weer ter tafel te neem wanneer "dit noodsaaklik geag word om iets te verander", is Art 46 onses insiens op 'n wettiese wyse in die sinode hanteer. Die Kerkorde is as kerkwet toegepas en die bediening van Christus deur diakonale sorg is hierdeur in tientalle gemeentes ontwig en bedreig.

Bostaande (e.a.) inkonsekwensies lei onses insiens tot die vraag of ons in die weerhouding van vroue uit die amp nog wel met die gesag van die Woord te doen het, en of dit eerder gaan om die gesag en die mag van mense wat slim en willekeurig toegepas word. Dit sou in stryd wees met ons belydenis oor die gesag en volkomenheid van die Heilige Skrif, as ons so 'n praktyk sou aanvaar (NGB, Art 5, 7).

### **Wat ons roeping is**

Ons is oortuig dat die erkenning van vroue se reg (in Christus) om God in die besondere ampte te dien, in lyn staan met die kerk se roeping tot voortdurende reformasie.

- Alhoewel hulle nooit in die meerderheid was nie, is daar duidelike getuienis dat vroue God in besondere ampte gedien het in die tyd van die OT, die tussen-testamentêre tydperk, die tyd van die NT en die eerste paar eeue van die vroeë Christelike kerk.
- Met die opkoms van die Rooms-Katolisisme is die amptelike diens in die kerke gesentraliseer in die man, die priester, die biskop en die pous in Rome.
- Die Reformasie het met die wewoep *Sola Scriptura* die erkenning gebring dat die gesag van die "ampte" uitsluitlik in die Woord van God en nie in persone lê nie.
- 'n Beskouing wat steeds vereistes soos geslag as voorwaarde vir

diens in die besondere ampte stel, is onses insiens nog nie ten volle gereformeer nie.

Die taak tot reformasie, ook in ons ampsbeskouing, is 'n roeping vir Gereformeerdes vandag. Dit is iets wat met oortuiging en durf aangepak moet word.

### **Ons pleidooi**

- Dit is ons pleidooi dat medegelowiges en mede-Gereformeerdes ons suiwer bedoelings met die erkenning van vroue se reg (in Christus) om in die besondere ampte te dien, sal aanvaar. Dit gaan om die eer van Christus.
- Ons verklaar onvoorwaardelik dat ons die gesag van God se Woord aanvaar. Ons omhels die Gereformeerde Belydenisskrifte as ons belydenis en beywer ons om vanuit 'n suiwer Gereformeerde hermeneutiek en eksegeese tot 'n gelowige en wetenskaplik verantwoordbare Skrifverstaan te kom.
- Ons dra die belange van die Gereformeerde Kerke op die hart en meen dat dit die GKSA se roeping is om 'n belangrike, reformerende en leiding-gewende rol te speel in die gereformeerde ekumene se verstaan van die amptelike diens deur vroue.
- Ons nooi almal wat saam met ons van dieselfde gesindheid is, om hierdie heerlike taak tot reformasie op te neem. Dit kan 'n nuwe lente vir die kerk beteken.

### **Verklaring (deur 36 Gereformeerde predikante)**

- In bostaande konteks neem ons, 36 Gereformeerde predikante, in ons persoonlike hoedanigheid, van harte en met 'n goeie gewete voor God die volgende Bybelse beginselstandpunt in:
  - God gee sy Gees en gawes aan alle gelowiges (manlik en vroulik) en roep alle gelowiges om hulle gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van ander gelowiges en tot uitbreiding van die koninkryk van God aan te wend.

- Terwyl daar verskeie Skrifgedeeltes is wat getuig van amptelike diens deur vroue, is daar geen Skrifgedeelte wat die amptelike diens deur vroue verbied nie.
- Enige persoon (manlik of vroulik) wat deur God geroep en bekwaam gemaak is, mag amptelik in sy of haar diens bevestig word.
- Ons neem kennis dat 'n beswaar teen Sinode 2003 se besluit om vroue tot die diakenamp toe te laat, by Sinode 2006 op 'n tegniese punt (Art 46 KO) geslaag het. Die implikasie van hierdie besluit is volgens ons:
  - Dat geen Sinode tot op datum 'n finale prinsipiële besluit oor die Skrifgefundeerdheid van vroulike ampsdraers geneem het nie.
  - Dat plaaslike kerke gevolglik die bevoegdheid en verantwoordelikheid het om tot stigting van die gemeente hieroor standpunt in te neem (Art 30 KO).
- Derhalwe gaan ons voort om ons kerkrade te lei om vroue wat as diakens deur God geroep en bekwaam gemaak is, na verkiesing, amptelik in hulle diens te bevestig. Sommige van ons het ook vrymoedigheid om vroue as ouderlinge te bevestig, terwyl ander uit sensitiwiteit teenoor die kerkverband daarmee wil wag.
- Ons spreek ons opregte dank en waardering uit teenoor vrouediakens vir hulle ywerige en getroue dienswerk in ons gemeentes. Ons moedig hulle in die huidige omstandighede aan om met alle vrymoedigheid in hulle Godgegewe roeping te volhard en om nie deur teleurstelling, moeite, verdriet of vervolging te verslap nie.



# Ope brief aan 36 Predikante

'n Menigte reaksies is vanuit verskeie oorde oor dié verklaring uitgespreek. Ds HF van Wyk het in *Die Kerkblad* van April 2006 'n Ope Brief aan die betrokke broeders gerig. Omdat die redaksie sy brief verkort het (die drie vrae op die einde is nie bygevoeg nie), het hy dit op die GKSA Forum van 17 April 2006 in sy geheel gepubliseer. Dit lui soos volg:

## Broeders

Die opstel van die aanvanklike verklaring het die voorblad van 'n *Sondagkoerant* gehaal. Daar was sprake van 'n kerklike rebellie. Dit was

*nie u bedoeling nie, maar dit is hoe die wêreld u verklaring gesien het. U het nogtans voortgegaan om hierdie standpunt in die Kerke se amptelike orgaan, die Kerkblad, te plaas.*

*Hoewel u duidelik sê dat u dit in u persoonlike hoedanighede gedoen het, is ek oortuig dat u nie daardie reg gehad het nie.*

## Ek motiveer

- *U het elkeen die ondertekeningformulier vir predikante onderteken. Daarmee het u u nie net verbind aan die belydenis van die GKSA nie, maar ook aan die Kerkorde. Waarom hou u u nie aan hierdie Kerkorde nie?*
- *In die ondertekeningformulier het u verklaar dat as u enige bedenkinge mag hê oor die leer van die kerk, u u sal wend tot u kerkraad, klassis, part. Sinode of die sinode. U verklaring sê duidelik dat Sinode 2006 wettisities opgetree het en dus nie Skrif en Belydenis geëer het nie. Waarom volg u nie die kerklike weg nie?*
- *Artikel 31 Kerkorde praat oor besluite wat met meerderheid van stem geneem is, as vas en bindend beskou moet word. Het u die weg gevolg waarop ons ooreengekom het as kerke?*
- *Ons het saam opgestaan in die Openlike Verklaring, waar u ingestem het op die werkswyse van die GKSA. Waarom verbreek u u woord in die openlike verklaring?*

*(Al was slegs sowat 14 van u afgevaardigdes by die sinode, was u deel van die mindere vergaderings wat die afvaardiging na die uiteindelijke sinode gedoen het).*

- *As Bedienaars van die Woord is u onder die gesag van u kerkrade, wat toesig moet hou oor u leer en lewe. Eer u hierdie toesig as u in u persoonlike hoedanighede buite u kerkrade om verklaring uitreik teen die besluite van die kerke gesamentlik?*

## Uiteindelik vra ek u

- *Het u die GKSA lief?*
- *Straal hierdie optrede u liefde vir die kerk as moeder met God as Vader uit?*
- *Dink u dat u nog 'n taak en 'n roeping binne die GKSA het?*

*U broeder? in Christus*

**Hennie van Wyk, Pinetown**

Dit is duidelike taal. Ons gemeenskaplike liefde vir God in Christus is aan die orde. Kerkverband en dit wat binne die kerkverband besluit word is geen spel nie, maar 'n saak van erns.

In aansluiting by ds Van Wyk se Ope Brief sal kerkrade die kerklike weg moet volg deur in belang van die kerkverband op te tree. Ware ekumene (eenheid in Christus) verplig die kerke om mekaar aan Christus en sy wil te bind. Die noodsein is gegee. Hier word liefdevolle, dringende optrede geëis.

## VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

### Redaksie:

Dr ALA Buys  
Mev J de Wind  
Ds HLJ Momberg  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 332 4676  
e-pos: alabuys@lantic.net  
jdewind@mweb.co.za

### Medewerkers:

Dr AH Bogaards  
Prof GJC Jordaan  
Ds GJ Meijer  
Ds SJMS Smit  
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

### Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das  
Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 331 4733 (na 14:00)  
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za  
Faks 012 335 9135

### Intekengeld:

R130 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

**Waarheid en Dwaling**  
**Spaarrekening 9054701904**  
**ABSA, Waverley, Pretoria**

### Tegniese versorging:

Printburo  
Posbus 25316  
Gezina, 0031

## Redaksionele nota

Die redaksie beplan om die referate wat tydens die VGL-jaarvergadering gelewer word volledig in *Waarheid en Dwaling* te publiseer. Die Mei- en Junie-uitgawe sal daarom 'n dubbelnummer wees en DV in Junie verskyn.